

Vrydag 27 Maart

Skrifgedeelte: Lukas 3:1-6

Fokusgedeelte: Lukas 3:3

**Die laaste profesie oor die koms van Christus roep en bevestig ons
bekering**

Die Evangelie volgens Lukas is daarop gerig om vanuit die geskiedenis te bewys dat Christus waarlik die langverwagte Messias is.

'n Saak wat vir ons uitstaan, is die woorde van vers 2: Johannes het opgetree tydens die hoëpriesterskap van Annas en Kajafas. In dié term sien ons die wanorde wat geheers in die Joodse godsdiens in die tyd van Johannes die Doper. Dringende reformatie was nodig in die kerk van die Ou Testament.

Die kruis van die reformatie kry ons in vers 3: Johannes verkondig die doop van bekering tot vergifnis van sondes. Hier word veral verwys na die proselietedoop: heidene wat oorgekom het na die Joodse godsdiens, was eers gedoop om die afwassing van sondes uit te beeld. Maar tog sê Johannes daar is meer aan die doop: Die doop van Johannes is 'n teken van skuldbelydenis en die begeerte om te bekeer van ons sondige weg, asook die versekering dat God die sonde sal vergewe. Dit is 'n heenwysing na die koms van Christus wat finaal ons sondes kom skoonwas.

Tesame met die geskiedkundige gebeure wat deur die evangelieskrywer aan ons bekendgemaak word, word die inspirasie van Johannes se werk ook aan ons openbaar: Hy het opgetree in opdrag van God, sodat die profesie van Jesaja vervul kon word. In wese het Johannes se werk die identiteit van Christus bekendgemaak. Christus is dus die hooftema van Johannes se prediking.

Die doop van Johannes roep nog na die werk van Christus, ons verbondsdoopt wys terug na die werk van Christus. Ons wat reeds gedoop is, word verseker dat ons sondes deur die offerwerk van Christus skoongewas is, en ons word daarom in Romeine 12:1 opgeroep om ons hele lewe aan God te wy: die ware bekering.

Sing: Psalm 32-1:1 ,3, 6

Ds. JG Ehlers (Jan) (Meyerton)